education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## MODELVRAESTEL

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

**100 3 H**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.
2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A.
3. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING B.
4. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING C.
5. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING D.
6. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning en redigering wees.
7. Skryf netjies en leesbaar met blou of swart ink.
8. Dui die nommer en onderwerp van jou skryfstuk duidelik aan.
9. Trek 'n lyn na elke afdeling.
10. Punte word vir beplanning/redigering, taal/styl en inhoud toegeken.

## AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)

### VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1 Die snaaksste dinge gebeur soms wanneer jy iets vir die heel eerste keer doen. Skryf 'n humoristiese, VERHALENDE OPSTEL met die titel:

Die eerste keer toe ek vir 'n meisie gaan kuier het.
Die eerste keer toe 'n ou my kom besoek het.




**OF**

1.2 Skryf 'n BESKRYWENDE OPSTEL getiteld:
Herinneringe aan my laerskooldae....




**OF**

1.3 Skryf 'n BESPIEGELENDE OPSTEL oor die vraag:
Is daar regtig lewe op ander planete?




**OF**

1.4 Kies een van die prente en ontwikkel jou eie tema. Die aard van die opstel kan verhalend, beskrywend, beredenerend, feitlik, betogend of bespiegelend wees.


1.4.1



1.4.2



1.4.3



1.4.4



**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n SKRYFSTUK van 180-200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.


2.1 Jou selfoon is gesteel. Skryf 'n VERSLAG vir die versekeringsmaatskappy om te verduidelik waar, wanneer en hoe dit gebeur het.





**OF**

2.2 Jou ouer broer of suster het die skool al 'n paar jaar gelede verlaat. Hy/sy het geen benul van die nuwe kurrikulum vir graad 10 nie. Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan hom/haar waarin jy vertel hoe jy die nuwe gr. 10-kurrikulum en die vakkeuses waaraan jy blootgestel is, beleef.



**OF**

2.3 Jy het 'n item by 'n winkel gekoop waarmee jy nie tevrede is nie. Jy besluit om dit \ terug te neem en by die bestuur te gaan kla. Skryf die DIALOOG tussen jou en die bestuurder neer.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ? SKRYFSTUK van 120–150 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

3.1 Die sport- of kultuuraktiwiteit waaraan jy vanmiddag sou deelneem, is gekanselleer. Stuur 'n SMS aan jou ma waarin jy haar van die veranderde reëlings in kennis stel en nuwe reëlings tref (Skryf in volledige woorde).

**OF**


3.2 Jou ouers het verhuis en jy moet 'n nuwe skool bywoon. Skryf minstens TWEE inskrywings in jou dagboek oor jou eerste ervarings by die nuwe skool.

**OF**

3.3 Kyk na die tabel van verkope van nuwe voertuie oor 25 jaar. Herskryf die inligting in TWEE paragrawe.

| **Verkope van nuwe voertuie oor 25 jaar** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | 1970 | 1980 | 1990 | 1991 | 1992 | 1993 | 1994 |
| Motors | 201 854 | 277 058 | 209 636 | 197 750 | 183 662 | 195 032 | 191 979 |
| Handelsvoertuie | 95 719 | 127 708 | 125 143 | 110 325 | 100 297 | 103 019 | 111 144 |
| Totaal | 297 573 | 404 766 | 334 779 | 308 075 | 283 959 | 298 051 | 303 123 |

[Uit: *Geld Rapport*, 18 Junie 2006]




**TOTAAL AFDELING C: 10**

## AFDELING D: NASLAAN-, INFORMATIEWE -, VISUELE EN MULTIMEDIA-TEKSTE

### VRAAG 4

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ? SKRYFSTUK van 60–80 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

4.1 Iemand vra jou hoe 'n mens 'n hamburger maak. Gee vir hom/haar die nodige INSTRUKSIES.



**OF**

4.2 Jou troeteldier het kleintjies gekry wat jy wil verkoop. Maak 'n plakkaat , wat jy op jou skool se kennisgewingbord kan plaas, om die diertjies te adverteer. Dui die goeie hoedanighede van die dier aan, die verkoopsprys en jou kontakbesonderhede.



OF

4.3 Ontwerp ? logo en slagspreuk vir 'n sportvereniging. Verduidelik dan in 'n paragraaf die betekenis van die ontwerp en die slagspreuk.

**TOTAAL AFDELING D: 10**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou